

Skriflesing: Lukas 12 vers 13 - 21

Tema: Ware rykdom het niks met geld te doen nie.

Nadat Alexander die Grote baie koninkryke verower het, het hy teruggekeer huis toe. Op die pad het hy siek begin voel en hy is kort daarna op 33jarige ouderdom oorlede.

Terwyl die dood hom in die gesig gestaar het, het Alexander besef dat al sy oorwinnings, sy groot weermag, sy skerp swaard en al sy rykdom vir hom geen betekenis het nie. Hy het daarna verlang om tuis te kom, sy moeder se gesig vir oulaas te sien en haar te groet.

Só het die magtige vegter magteloos, bleek en hulpeloos gelê en wag om sy laaste asem uit te blaas. Daar word vertel dat hy sy generaals laat kom en met hulle oor sy dood gepraat het. Hy het 3 wense uitgespreek wat hulle vir hom moes uitvoer. Met trane wat oor hul wange gerol het, het hulle ingestem om hul koning se wense waar te maak.

Sy eerste wens was dat slegs sy dokters sy kis na die graf moes dra.

Sy tweede wens was dat die pad na die graf waaroor hulle sy kis sou dra, bestrooi moes wees met die goud, silwer en edelstene wat hy versamel het.

Hier het die koning glo sowat 'n minuut lank emosioneel geswyg. Trane het oor sy wange gerol. Sy derde wens was dat altwee sy hande uit sy kis sigbaar moes wees.

Die vreemde wense het mense om sy sterfbed laat wonder en tog het niemand gewaag om hom daarna te vra nie. Alexander se gunsteling-generaals het sy hand gesoen en teen hul harte gedruk. Hulle het hom verseker dat hulle sy wense sou uitvoer. Maar een wou toe weet waarom hy sulke ongewone wense uitgespreek het. Die koning het sy asem diep ingetrek en gesê: "Ek wil hê die hele wêreld moet weet van die drie lesse wat die lewe my geleer het:

"Die dokters wat my kis graf toe dra, moet mense daaraan herinner dat geen dokter regtig enige liggaam kan red nie. Hulle is nie magtig genoeg om 'n liggaam van die finale dood te red nie. **So, moenie lewe as vanselfsprekend aanvaar nie.**

My tweede wens... om vir mense te wys dat ek niks met my saamneem nie. Ek het my hele lewe daaraan gewy om ryk te word en tog kan ek niks na die graf saamneem nie. **Rykdom waarvoor mense hulle lewenslank beywer, bring jou eindelijk niks in die sak nie.**

My laaste wens, dat my hande by die kis moet uitsteek, is sodat mense moet weet ek het met **leë hande in die wêreld gekom en só gaan ek daar uit.**"

Ná die woorde het Alexander die Grote sy oë gesluit en sy laaste asem uitgeblaas.

Hoe ryk is jy?

Wat is vir jou belangrikste: jou beursie of jou Bybel of dan eerder die inhoud van jou Bybel?

Jesus gebruik die gelykenis van die ryk dwaas om met ons te praat oor prioriteite. Ons lees in Lukas 12 vers 15 "Toe sê Hy vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorfloed van sy besittings nie."

'n Ryk boer het 'n vrugbare plaas gehad en 'n goeie oes ingesamel. Toe besluit hy om sy skure af te breek en te vervang met groter skure waarin hy sy graan en goed opgaar. Hy is skatryk. Hy sal aftree en die lewe geniet. In Lukas 12 vers 19 lees ons sy woorde: "Dan sal ek vir myself sê: 'Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.'"

Is dit nie die droom wat ek en jy ook droom nie? Waarom was Jesus nie beïndruk met hierdie man se planne en drome nie ?

Want God het in sy lewe en boerdery geen rol gespeel nie. In Luk 12:21 sê Jesus: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie."

Jesus is nie teen rykdom nie, maar teen verkeerde prioriteite. In Lukas 12 word die ryk man 'n dwaas genoem, nie omdat hy ryk was nie, maar omdat hy nie in die Here en in geloof ryk was nie. Jesus sê vir Hom die belangrikste prioriteit is om ryk te wees by God. Vir ware rykdom maak 'n skat in die hemel bymekaar. Ons moet ons allereers beywer vir die Koninkryk van God en vir die wil van God. Wat is vir jou die belangrikste? Watter rykdom jaag jy na? Is dit jou beursie of die Bybel?

Ek wil nie dat die Here my 'n dwaas noem nie! Hoe lyk iemand wat ryk is in Here? Is ek ryk in die Here?

Ek sluit met 'n paar vrae af wat elkeen van ons eerlik voor God moet antwoord:

1. Hoe lyk jou verhouding met God?

As God vanoggend vir jou 'n getuigskrif moet skrywe, wat sal daarin staan? Ons lees van Job dat hy onder die mense in die Ooste die belangrikste man was. Dit beteken waarskynlik dat hy onder andere die rykste man was. Kan God van jou sê dit wat Hy van Job sê: "Sy gelyke kry jy nie op aarde nie; hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad."

2. Hoe lyk jou verhouding met jouself en jou besittings?

Hoe lyk jou prioriteite? Oor wie gaan dit vir jou? Gaan dit oor die Here of gaan dit oor jouself en jou besittings? In Luk 12:17-19 praat die ryk man sewe maal van "ek" en vyf maal van "my".

Daar is nie plek vir God in die ryk man se lewe nie. Alles gaan om homself. Hy leef, praat, beplan net om homself en wens homself geluk. Hy is gierig. Sy goed is sy god. Hy praat van: "my goed, my skure en my graan." Hy vergeet dat dit God is wat reën gee en laat groei. Hy sien homself as die eienaar en besef nie dat hy net die bestuurder is van God se goed is nie.

3. Hoe lyk jou verhouding met ander?

Volg jy die voorbeeld wat Christus vir ons gestel het? Sien die mense rondom jou die Here se liefde in alles wat jy doen en sê?

Leef jy met 'n oop hart, oë en hande? Is jy diensbaar of wag en kla jy om gedien te word? Ons is op aarde om die Here en mekaar te dien met gawes wat Hy vir ons gegee het.

Die Grieke het aan hulle besittings gedink in terme van 'n sirkel. Alles binne die sirkel kan jy vir jouself gebruik, want dit is genoeg vir jou om van te lewe. Dit wat buite die sirkel is, is egter 'n teken van oorfloed, jyself het dit nie nodig nie. Dit is bedoel vir ander mense. En dit is presies hier waar gierigheid sy tande kan inslaan. Jy kan die sirkel waaruit jy moet leef al hoe groter trek sodat daar al hoe minder vir ander oorbly.

Die Kerkvader Augustinus het gesê: "Ontvang dit wat God jou gee met vreugde, gebruik daarvan wat jy nodig het. Die res word deur jou naaste benodig."

4. Waarop vertrou jy vir jou toekoms?

Vertrou jy op jou goed of in God?

Sluit af

Rykdom in die oë van die Here word nie bepaal deur jou beursie, hoeveel jy het of nie het nie. Dit word bepaal deur jou Bybel, of jy gehoorsaam aan die Here en sy Woord leef. Hoe ryk is jy?

Amen